

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) [STILTETYE] MARKUS 15:1 – 16:20 + 1 KORINTIËRS 1
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Markus 15:1 – 16:20 + 1 Korintiërs 1). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) [CHRISTELIK KARAKTER] (5) FILIPPENZEN 2:3-4
----------	---

Mediteer, memoriseer en repeteer twee aan twee.

(5) Nederigheid. Filippense 2:3-4. Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.”

4	ONDERRIG (85 minute) [KERKLIKE FEESDAG] PAASFEES: HERDENKING VAN DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS
----------	--

Inleiding. Paasfees is die feesdag waarop Christene die opstanding van Jesus Christus herdink. Ons wil leer wat die Bybel leer oor die opstanding uit die dood en die effek daarvan op Christene. Ons sal leer dat sy opstanding al deur die profete in die Ou Testament voorspel is, wat daar gebeur het toe Hy uit die dood opstaan en hoekom die opstanding so belangrik vir Christene is.

A. PROFESIEË OOR DIE OPSTANDING VAN JESUS CHRISTUS

1. Profesieë in die Oude Testament oor die opstanding van Jesus Christus.

(1) Job 19:25-27.

Die boek Job is waarskynlik die oudste boek in die Ou Testament en is ongeveer in 1900 v.C. geskrywe. Al in so 'n vroeë periode in die geskiedenis sê Job dat hy iets weet oor die opstanding van sy Verlosser (Jesus Christus, wat God is en oor die geskape stof sal opstaan). Ook Job sal uit die dood opstaan. Hy sê, “Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde (Hebreeus: oor die stof/grond) triomfeer (opstaan). Selfs nadat hierdie siekte my vel weggevreet het, sal ek nog lewe en (letterlik: uit my vlees/liggaam) God sien!”

(2) Psalm 16:8-11.

Ongeveer 1000 jaar v.C. het koning Dawid gesê dat God die siel (d.w.s. lewe) van Jesus Christus nie in die graf sal verlaat nie en nie sal toelaat dat Hy (d.w.s. sy liggaam) ontbinding sien nie (vergelyk Handeling 2:22-32).

(3) Psalm 118:22-24.

Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n 'hoeksteen' geword, d.w.s. die belangrikste en mees beslissende steen (die fondamentsteen van 'n gebou of die sluitsteen van 'n poort). Die Messias wat die Jode sou verwerp en kruisig, sou uit die dood opstaan en die Verlosser word. Hy sou die bestemming van elke mens bepaal (vergelyk Matteus 21:42-44; 1 Petrus 2:4-8)!

(4) Jesaja 53:11-12.

Vergelyk Handleiding 5, supplement 1. Ongeveer 700 jaar v.C. het die profeet Jesaja voorspel dat die Dienaar van die HERE (dit is, Jesus Christus) sou opstaan uit die dood en vir ewig sou lewe.

(5) Jesaja 25:8.

Jesaja het ook die opstanding van mense voorspel. Hy het uitgekyk na die wederkoms van Christus en het geprofeteer, “Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee.” By die wederkoms sal Jesus Christus die Christene en die nie-Christene uit die dood laat opstaan. Hy sal hulle oordeel in ooreenstemming met hul geloof of ongelooft. Die gelowiges sal die ewige lewe en onsterflike liggame beërwe (Openbaring 21:4), terwyl die ongelowiges die ewige straf sal ondergaan (Matteus 25:46; Handeling 24:15).

2. Profesieë in die Nuwe Testament oor die opstanding van Jesus Christus.

Onderrig. By verskillende geleenthede het Jesus Christus oor sy komende dood en opstanding gespreek. In Matteus 16:21; Matteus 17:22-23 en Matteus 20:17-19¹ het Hy baie duidelik voorspel dat Hy “na drie dae” uit die dood sou opstaan. Jesus het nie gepraat oor die lengte van drie volle dae nie, maar oor die tydstop wat Hy uit die dood sou opstaan: naamlik, op die derde dag na sy kruisiging. Jesus sou in (binne) drie dae die tempel van sy liggaam oprig (Johannes 2:19).

B. DIE GEBEURTENISSE RONDOM DIE OPSTANDING VAN JESUS CHRISTUS

1. Die tyd van die opstanding van Jesus Christus.

Lees Markus 16:1-6. Jesus het op die derde dag na sy kruisiging uit die dood opgestaan. Dit was baie vroeg in die oggend op Sondag die 17^{de} Nisan. “Sondag” word in die Bybel “die eerste dag van die week” genoem. Omdat Jesus Christus op ‘n Sondag uit die dood opgestaan het, vier Christene orals in die wêreld Paasfees op ‘n Sondag. Christene kom ook elke Sondag in die jaar bymekaar om die lewende God te aanbid!

Terwyl Markus die uitdrukking “na drie dae” gebruik (Grieks: meta treis hémeras) (Markus 8:31, 9:31 en 10:33-34), toon Matteüs aan wat hy bedoel, naamlik “op de derde dag” (Grieks: té trité hémera) (Matteus 16:21; 17:22-23 en 20:18-19). In Grieks kan die woord “dag” enig deel van ‘n 24 uur periode beteken). Jesus was in die graf vanaf Vrydag laat in die middag tot Sondag heel vroeg in die oggend.

2. Die vrouens wat na die graf gekom het.

Lees Matteus 28:1; Markus 16:1, Lukas 24:9-10; Johannes 20:1-2.

Ontdek en bespreek. Hoeveel vrouens het op Sondagoggend vroeg na die graf gekom?

Aantekeninge.

Op die eerste gesig lyk dit asof die vier Evangelies teenstrydighede bevat. Matteus noem maar *twee* vrouens by die graftombe: Maria Magdalena en Maria (die moeder van Jesus). Markus noem *drie* vrouens: Maria Magdalena, Maria (die moeder van Jesus) en Salome. Lukas sê dat daar meer as *vier* vrouens was en noem drie by name: Maria Magdalena, Maria (die moeder van Jesus) en Johanna. Johannes sê dat daar meer as *één* vrou by die graftombe was (want Maria Magdalena het gesê: “*Ons* weet nie ...”)(Johannes 20:2). Tog beperk Johannes sy verhaal tot Maria Magdalena. Daar was dus meer as vier vrouens by die graftombe, maar elke evangelis het sy eie samevatting van die gebeurtenisse gemaak.

Daar is geen teenstrydigheid tussen die vier Evangelies oor die tydstop wat hulle na die graftombe toe geloop het nie. Dit was nog donker toe die vrouens begin loop het (Johannes), maar die son het al opgekom toe hulle by die graftombe aangekom het (Markus).

3. Die wag by die graftombe.

Lees Matteus 27:62 - 28:15.

Ontdek en bespreek. Op welke manier versterk die wag wat by die graftombe geplaas was die werklikheid van die gebeurtenis by die opstanding?

Aantekeninge.

Om te voorkom dat iemand die liggaam van Jesus Christus sou steel en dan sou beweer dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het, het die goewerneur die owerpriesters beveel om die graftombe te verseël en ‘n wag by die graftombe te plaas. Die graftombe was verseël met ‘n seël van die keiser van Rome en met die seël van die goewerneur Pilatus. ‘n Wag van ongeveer tien tot dertig Romeinse soldate is by die graftombe opgestel sodat niemand sou durf om naby die graf te kom nie.

Maar by die opstanding van Jesus Christus was daar ‘n geweldige aardbewing en die soldate het verlam van skrik geword of weggehardloop. Later het die Joodse outoriteite die soldate omgekoop met ‘n groot som geld om ‘n gerug te versprei dat die dissipels van Jesus die liggaam van Jesus gesteel het terwyl die soldate geslaap het. Maar Romeinse soldate sou niet waag om op hulle pos te slaap nie! En hoe sou slapende soldate dan kan weet wat daar gebeur het? Nietemin, die gerug dat Jesus Christus nie uit die dood opgestaan het nie, word tot vandag deur ander godsdienste as ‘n gerug versprei.

4. Die steen voor die ingang van die graftombe.

Lees Markus 15:46 - 16:4; Matteus 28:2.

Ontdek en bespreek. Wie het die steen voor die ingang van die graftombe weggerol?

Aantekeninge.

‘n Baie groot ronde plat steen is voor die ingang van die graftombe gerol. Om die graftombe weer te open, moes ongeveer vier sterk manne die steen in sy groef skuins omhoog druk. Die dissipels van Jesus was nie aanwesig nie en

¹ Markus 8:31, 9:31 en 10:33-34

die soldate sou niemand toegelaat het om die grafombe te open nie. Maar in Matteus lees ons dat daar 'n groot aardbewing was en dat 'n engel uit die hemel neergedaal het. Die engel het die steen weggerol (Grieks: apokulió) (aoristus) (waarskynlik deur die steen uit sy groef op te tel en plat op die grond neer te lê) en toe daarop gaan sit. Die verplasing van die steen sonder 'n enkel mensehand was die teken van God se oorwinning oor die dood! Die vrouens het nie gesien dat dit gebeur het nie, maar hulle het wel die resultaat gesien! Die engel het die steen verplaas, nie om Jesus Christus uit die grafombe te bring nie, maar om die vrouens en andere binne in die grafombe te laat!

5. Die engele by die grafombe.

Lees Matteus 28:2-3; Markus 16:5; Lukas 24:4; Johannes 20:11-12.

Ontdek en bespreek. Hoeveel engele was by die grafombe?

Aantekeninge.

Matteus praat oor één engel wat buite die grafombe op die steen gesit het. Hy het op die bliksem gelyk en sy kleding was wit soos sneeu. Markus, wat sy Evangelie volgens die getuienis van die apostel Petrus geskryf het, praat ook oor één engel, maar hy het binne in die grafombe gesit. Lukas, wat ook met die ander vrouens gepraat het (Lukas 1:1-4), praat oor twee engele met blink klere wat binne in die grafombe gestaan het. Johannes sê dat Maria Magdalena later buite die grafombe gestaan en huil het. Toe sy vooroor na die grafombe gebuig het, het sy twee engele in wit klere binne in die grafombe gesien waar die liggaam van Jesus gelê het, een waar die kop en een waar die voete was. Ook hier bevat die Evangelies geen teenstrydighede nie, want Matteus en Markus beweer nie dat daar maar één engel was nie. Daar was minstens twee engele by die grafombe en hulle het nie stilgestaan nie, maar rondbeweeg.

6. Die linne grafdoeke in die grafombe.

Lees Johannes 19:38 - 20:9; Markus 16:1-8; Lukas 24:1-12.

Ontdek en bespreek. Hoe versterk die linne grafdoeke wat op die plek waar die liggaam van Jesus gelê het die bewys dat Jesus uit die dood opgestaan het?

Aantekeninge.

Volgens die tradisie in die tyd, het Josef van Arimatea en Nikodemus lang stroke linne met welriekende speserye om die liggaam van Jesus gedraai. Toe het hulle Hom in 'n grafombe gelê wat aan Josef behoort het.

Toe die vrouens by die grafombe aangekom het, het hulle gesien dat die steen voor die opening al weggerol was. 'n Engel het hulle genooi om binne te kom en die plek waar Jesus gelê het te sien. Toe hulle binnegekom het, het hulle nie die liggaam van Jesus gesien nie. Bewend en verward het hulle van die grafombe weggevlug. Eers het die vrouens niks aan ander mense gesê nie (Markus), maar later het hulle na die ander dissipels geloop en aan hulle oor Jesus vertel (Matteus en Lukas).

Die Evangelie van Johannes sê dat Maria Magdalena gedink het dat die liggaam van Jesus verplaas was. Sy het teruggehardloop om dit aan Petrus en Johannes te vertel. Matteus en Lukas sê dat die ander vrouens ook weggegaan het om dit aan die ander dissipels te vertel, maar die dissipels het nie geglo wat die vrouens aan hulle vertel het nie, "omdat hulle verhaal na onsin gelyk het" (Lukas 24:11).

Ondertussen het Petrus en Johannes na die grafombe gehardloop. Toe hulle by die grafombe aangekom het, het hulle alleen die linne doeke sien lê waar Jesus se liggaam gelê het! Hulle het ook die doek wat om Jesus se kop was nie by die ander doeke sien lê nie. Dit was eenkant afsonderlik opgerol². Miskien was die linne windsels nog in die vorm van 'n leë kokon, wat wys dat die doeke die opstanding van die liggaam van Jesus Christus nie kon teenhou nie, en dat Hy dwarsdeur die linne windsels uit die dood opgestaan het! Nietemin is die feit dat die linne windsels daar gelê het sonder die liggaam van Jesus Christus 'n bewys dat geen dissipel of vyand die liggaam van Jesus gesteel het nie! Wat Petrus en Johannes gesien het, was genoeg bewys om te glo dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het! Voor hierdie gebeurtenis het hulle nog nie Psalm 16:10-11, Psalm 118:22-24 en Jesaja 53:11-12 begryp nie. Maar deur wat hulle in die leë grafombe gesien het, is hulle geloof opgewek en versterk en het hulle die betekenis van die opstanding begryp! Hulle het begryp dat die opstanding van Jesus Christus "'n goddelike moet (noodsaaklikheid) was" (Lukas 9:22,44-45; 18:31-34; 22:37; 24:44)! Na die Pinksterfees (die uitstorting van die Heilige Gees) sou dit alles nog duideliker word!

7. Die ontmoeting in Galilea.

Lees Matteus 28:5-7,16-17; Lukas 24:33-36; Johannes 20:17-20.

Ontdek en bespreek. Waar het Jesus sy dissipels na sy dood en opstanding ontmoet?

Aantekeninge.

Die engele het teen die vrouens gesê dat Jesus vooruit voor sy dissipels na Galilea sou gaan. Maar dit lyk dat die eerste verskynings van Jesus aan sy dissipels na sy opstanding uit die dood nie in Galilea was nie, maar in Jerusalem! Dit is egter geen teenstrydigheid nie, omdat Jesus Christus die reg het en ook die vermoë het m méér te doen dan wat Hy

² Grieks: entulissó (entuligmenos, voltooid teenwoordige tyd). "Omwikkel, inpak, omhul" 'n liggaam met linne windsels inpak (Lukas 23:53) en "'n kopdoek opvou (Johannes 20:7).

beloof het. Bowendien, toe Hy later na Galilea gegaan het, word daar nie gesê dat Hy later as sy dissipels in Galilea aangekom het nie!

8. Die ooggetuies van die opstanding van Jesus Christus.

Lees Handeling 1:3; Markus 16:9-14; 1 Korintiërs 15:1-8.

Ontdek en bespreek. Op watter manier versterk die verskynings van Jesus na sy opstanding die werklikheid van sy opstanding?

Aantekeninge.

Die opstanding van Jesus het nie in die geheim gebeur nie Terwyl die natuurwetenskappe afhanklik is van empiries eksperimente en bewyse, is die wetenskap van die geskiedenis alleen afhanklik van betroubare getuies. Daar was honderde ooggetuies van die liggaamlike opstanding van Jesus Christus! Alhoewel die moderne natuurwetenskappe geen verklarings het vir bonatuurlike gebeurtenisse nie, is die opstanding van Jesus Christus 'n onbetwisbaar historiese feit!

In Handeling 1:3 lees ons dat Jesus gedurende veertig dae na sy opstanding Homself met baie onmiskenbare bewyse aan sy dissipels getoon het dat Hy leef! As 'n mens al vier Evangelies in beskouing neem, ontdek jy dat Hy op die Sondag wat Hy uit die dood opgestaan het vyf keer aan mense verskyn het.

(1) Verskyning aan Maria Magdalena.

Toe Maria Magdalena vóór sonsopkoms by die graftombe opgedaag het, het sy gesien dat die steen uit sy groef opgetel was en van die graftombe weggedra was (Grieks: hairó) (voltooid teenwoordige tyd). Sy het na Petrus en Johannes teruggehardloop om dit aan hulle te vertel. Petrus en Johannes het vooruit gehardloop en Maria het agterna gekom. Nadat Hulle gesien het dat die graftombe leeg was, behalwe dat die stroke linne doeke nog daar gelê het, het hulle huis toe gegaan.

Toe Maria Magdalena die tweede keer by die graftombe aangekom het, het sy gehuil omdat die liggaam van Jesus Christus nie meer daar was nie en sy ook nie geweet het waar mense Hom neergelê het nie. Toe verskyn Jesus aan haar en het sy haarself aan sy voete vasgeklamp. Jesus het aan haar gesê dat sy na die ander dissipels moes gaan en sê dat Jesus na sy vader in die hemel sou terugkeer. Dit was die eerste verskyning op Sondagoggend (Markus 16:9; Johannes 20:11-18).

(2) Verskyning aan die ander vrouens.

Toe die ander vrouens baie vroeg in die oggend by die graftombe opgedaag het, het hulle gesien dat die steen van die graftombe weggerol was (Grieks: apokulió) (voltooid teenwoordige tyd, passief). Toe hulle die graftombe ingeloopt het, het hulle sy liggaam nie gevind nie. Daar was twee engele wat met hulle gepraat het (Lukas 24:1-8). Toe het hulle teuggegaan en aan die ander dissipels gerapporteer dat die graf leeg was. Maar die dissipels het hulle verhaal nie geglo nie, behalwe Petrus en Johannes wat al na die graftombe toe gehardloop het om die saak te ondersoek. Ook hierdie vrouens het vir die tweede keer na die graftombe teruggekeer (Lukas 24:9-11). Êrens langs die pad het Jesus hulle skielik ontmoet en ook hulle het hulleself aan sy voete vasgeklamp en Hom aanbid. Jesus het toe aan hulle gesê dat hulle die dissipels moet gaan vertel dat hulle na Galilea moes gaan waar Jesus hulle sou ontmoet. Dit was die tweede verskyning op Sondag (Matteus 28:9-10).

(3) Verskyning aan Petrus.

Toe het Jesus aan Petrus verskyn (Lukas 24:34).

(4) Verskyning aan twee van sy volgelinge wat na Emmaus gereis het.

Dit het ook op Sondag middag plaasgevind (Lukas 24:13-33).

(5) Verskyning aan sy dissipels sonder Tomas.

Op Sondagaand het Jesus aan sy dissipels sonder Tomas verskyn. Hulle het agter geslote deure bymekaargekom (Lukas 24:36-43; Johannes 20:19-23).

(6) Verskyning aan al sy dissipels ingeslote Tomas.

Op Sondag, 'n week later, het Jesus aan sy dissipels ingeslote Tomas verskyn (Johannes 20:24-31).

(7) Ander verskyninge.

Later het Jesus verskyn aan sewe van sy dissipels by die See van Tiberias (Johannes 21:1-14), aan elf van sy dissipels op 'n berg in Galilea (Matteus 28:16-20), aan meer as 500 broeders tegelyk, aan Jakobus (die broer van Jesus, later die leier van die gemeente te Jerusalem en skrywer van die brief van Jakobus), aan al die apostels (1 Korintiërs 15:6-7), aan die apostels in Jerusalem (Handeling 1:4), aan elf van sy dissipels op die Olyfberg by sy hemelvaart (Handeling 1:12) en uiteindelik aan Paulus op die weg na Damaskus (1 Korintiërs 15:8).

Die opstanding van Jesus Christus is 'n onbetwisbaar historiese feit!

C. DIE BELANG VAN DIE OPSTANDING VAN JESUS CHRISTUS VIR CHRISTENE

Onderrig. Geen ander profeet wat ooit in die geskiedenis geleef het of wat ooit aanspraak gemaak het dat hy "n profeet" was, het ooit uit die dood opgestaan! Alle profete van die ander wêreldgodsdienste en sektes lê nog in hul graf.

Jesus Christus is die enigste mens wat ooit uit die dood opgestaan het en leef! Hierdie feit bewys dat Jesus Christus die Grootste Profeet is wat ooit geleef het! Sy opstanding bewys dat God sy dood as versoening van sondes aanvaar het en dit bewys dat God al die aansprake van Jesus Christus bevestig het! Die opstanding van Jesus Christus is die sigbare manifestasie van sy staat van verheerliking. Sy opstanding uit die dood is die beslissende bewys vir die geldigheid van al sy aansprake! En dit is die effektiewe en kragtige bevestiging van die waarheid van al sy onderwys.

1. God het Jesus Christus uit die dood laat opstaan om te toon dat Hy die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus aanvaar het.

Lees Filippense 2:5-11; 1 Korintiërs 15:42-46; Romeine 1:3-4.

- (1) Die eerste gevolg van die opstanding (en verheerliking van Jesus Christus tot die hoogste plek in die heelal) is dat dit bewys dat God die Vader die volbragte verlossingswerk (die soenoffer) van Jesus Christus aanvaar het.

Omdat Jesus Christus Homself verneder het en gehoorsaam geword het tot die dood aan die kruis, het God die Vader Hom tot die hoogste plek verhoog en Hom 'n Naam geskenk bo alle name sodat alle knieë voor Hom sou buig!

Romeine 1:3-4 sê: “As mens (letterlik: wat die vlees/menslike natuur betref) is Hy uit die geslag van Dawid gebore; op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees (letterlik: wat die Gees van heiliging betref) aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here.”

- (2) Die goddelike en die menslike natuur van Jesus Christus.

Romeine 1:3-4 kenmerk die laagste en die hoogste posisie van Jesus Christus in sy menslike natuur. Die volgende parafrase help om dit te verstaan: “Die evangelie van God” verkondig die ewige Seun van God (sy goddelike natuur) in twee tydsfases van sy menslike natuur, naamlik, vóór sy opstanding en ná sy opstanding.

- (3) Die twee menslike nature van Jesus Christus.

Vóór sy opstanding was sy menslike natuur gekenmerk deur “vlees” (vergelyk 1 Korintiërs 15:50), d.w.s., deur volledige menslike swakheid, omdat Hy 'n afstammeling was van Dawid en uit Maria gebore is. Sowel Dawid as Maria het deur die sondeval van Adam deel aan die gevalle menslike natuur (Job 14:4; Psalm 51:7). By sy eerste koms (d.w.s., inkarnasie) het Jesus Christus sy skepping en die menslike geskiedenis ingekom sonder om sy goddelike natuur af te lê. Dit word die staat van vernedering van sy menslike natuur genoem.

Ná sy opstanding word sy menslike natuur gekenmerk deur “die Gees van heiliging” (vergelyk 1 Korintiërs 15:44-45), d.w.s., deur die volledige krag van die Heilige Gees, omdat Hy “onthul” (Grieks: horizó: aangewys, benoem, aangestel, bestem, verklaar) is “die Seun van God met krag” te wees (d.w.s., die almagtige Seun van God te wees wat wondertekens doen). By sy opstanding uit die dood is die menslike natuur van Jesus Christus verheerlik, d.w.s., Hy is bestem/aangestel tot die posisie van Heerskappy oor almal en alles (Matteus 28:18; Efesiërs 1:20-23; Openbaring 19:16). Dit word die staat van verheerliking van sy menslike natuur genoem.

Romeine 1:3-4 vergelyk nie sy menslike natuur met sy goddelike natuur nie. Jesus Christus *het nie die Seun van God geword nie* – want Hy is van alle ewigheid die Seun van God! Sy menslike natuur het nie sy goddelike natuur geword nie. Die Seun van God besit die goddelike natuur *vóór sy menswording, vóór sy opstanding* en ook *ná sy opstanding* uit die dood.

Romeine 1:3-4 vergelyk die staat van sy menslike natuur ná sy geboorte en vóór sy opstanding met die staat van sy menslike natuur ná sy opstanding uit die dood. Sowel in die periode vóór sy opstanding as ná sy opstanding was sy menslike natuur nie van sy goddelike natuur geskei nie.

Romeine 1:3-4 onderskei twee dinge:

- die staat van vernedering van sy menslike natuur ná sy geboorte
- die staat van verheerliking van sy menslike natuur ná sy opstanding uit die dood!

Vers 3 beskryf wat sy menslike natuur gekenmerk het as gevolg van sy geboorte as Mens en vers 4 beskryf wat sy menslike natuur geword het as gevolg van sy opstanding uit die dood.

- (4) Die geboorte van Jesus Christus.

Die historiese gebeurtenis van sy geboorte het Hom (sy menslike natuur) afhanklik gemaak van die historiese toestand van 'n afstammeling van Dawid: Hy is gebore uit die stam van Juda, gebore onder die Joodse Wet, gebore uit die maagd Maria. Deur sy geboorte het Hy die volledige menslike natuur van die gevalle mens, uitgesonder die sonde, aangeneem. Sy menslike natuur was “swak”, nie omdat Hyself sonde gehad het nie, maar as gevolg van die sonde van die wêreld wat Hy op Homself geneem het en te wyte aan die feit dat Hy nog vir hierdie sonde moes sterf.

- (5) Die opstanding van Jesus Christus.

Die historiese gebeurtenis van sy opstanding (het Hom aangewys of) het Hom (sy menslike natuur) gebring in die historiese en ewige toestand waarin Hy heeltemal bepaal (beheers) is deur die Heilige Gees. Deur sy opstanding het Hy die swakheid van sy menslike natuur afgelê en het Hy elke band met die sonde en die dood gebreek. Vanaf sy opstanding is sy menslike natuur verander en gekenmerk deur so begiftig te wees met die Heilige Gees en beheers te word deur die Heilige Gees dat Hy volkome geïdentifiseer word met die Heilige Gees! Daarom staat daar in 2 Korintiërs 3:17 geskrywe, “(Christus) die Here is nou die Gees”. Daarom word Hy in 1 Korintiërs 15:45 “'n

lewendmakende Gees” genoem! So word in Romeine 1:4 sy menslike natuur ná die opstanding gekenmerk deur “die Gees van heiliging.” Hy is in ’n posisie van soewereine almag gebring en beklee met krag wat alles en almal oortref (Matteus 28:18) wat in sy vorige menslike toestand aan Hom toegeskryf kon word. Ná sy opstanding is die menslike natuur van Jesus Christus ’n heerskappy van volledige en volmaakte krag van die Heilige Gees!

Jesus Christus het aanspraak gemaak op dat Hy die Verlosser van die wêreld en die Here van die heelal is. Sy opstanding uit die dood is die beslissende bewys vir die geldigheid van al sy aansprake! En dit is die kragtigste demonstrasie van die waarheid van al sy onderrig.

2. Jesus Christus is uit die dood opgestaan om die Nuwe-Testamentiese Gemeente te vestig.

Lees Johannes 2:18-22; Markus 14:57-58.

- (1) Die tweede gevolg van die opstanding van Christus is dat Jesus Christus ’n nuwe tempel met ’n nuwe sisteem van aanbidding oprig het, naamlik die Gemeente (Kerk) met haar aanbidding van God in gees en in waarheid.

Johannes 2:18-22 lê die dood van Jesus Christus uit in terme van die afbreek van die Ou-Testamentiese tempel saam met die beëindiging van die Ou-Testamentiese wyse van aanbidding (deur middel van die seremoniële wette). En dit lê die opstanding van Jesus Christus uit in terme van die opbou van die Nuwe-Testamentiese tempel (die Gemeente/Kerk) saam met die begin van die Nuwe-Testamentiese wyse van aanbidding (in gees en waarheid).

- (2) Die illustrasie en sy betekenis.

Wat het Jesus bedoel met die woorde, “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig”? Dit is ’n illustrasie in die Nuwe Testament van die dood en opstanding van Jesus Christus. Meer as drie jaar voor sy kruisiging en opstanding het Jesus Christus hierdie belangrike profesie oor sy dood en opstanding uitgespreek. Dit was eintlik ’n raaisel (Hebreeus: *mashal*), omdat die woorde daarin ’n dubbele betekenis gehad het. Die woord “tempel” kon ’n verwysing wees na die gebou van stene wat in Jerusalem gestaan het of na die liggaam van Jesus Christus. Die woord “afbreek” kon ’n verwysing wees na die afbreek van die gebou van stene of na die dood van die liggaam van Jesus Christus. En die woord “oprig” kon ’n verwysing wees na die opbou van die tempelgebou of na die opstanding van die liggaam van Jesus Christus!

Die betekenis van die hele illustrasie is as volg: “Deur My te kruisig breek julle Jode die tempel van My liggaam af. Maar tog sal Ek binne drie dae uit die dood opstaan! Deur My te vermoor breek julle ook julle eie tempel van stene in Jerusalem saam met die hele sisteem van godsdienstige praktyke (die seremoniële wette), wat daarmee saamhang, af. Nietemin, deur My opstanding sal Ek ’n nuwe tempel met ’n nuwe sisteem van aanbidding oprig, naamlik, die Nuwe-Testamentiese Gemeente/Kerk met sy aanbidding van God die Vader in gees en in waarheid (Johannes 4:23-24).”

- (3) Die illustrasie kan nie van sy vervulling geskei word nie.

In teologiese terme: *die tipe* kan nie van *die antitipe* geskei word nie. ’n Tipe is ’n persoon, ding of gebeurtenis wat dien as ’n illustrasie. Dit is ’n kenmerkende illustrasie van ’n toekomstige werklikheid wat die antitipe genoem word.

Die illustrasie het gegaan oor die tabernakel of tempel van Israel wat beskou word as die woonplek van God (1 Kronieke 13:6). Die vervulling is die liggaam van Christus, wat in ’n veel hoër sin die woonplek van God is. “In Hom is die volle wese van God beliggaam” (Kolossense 2:9; vergelyk Kolossense 1:15,19; Johannes 1:1,18; 14:9-10). Daarom, wanneer iemand die tweede (die liggaam van Christus) verwerp en afbreek, verwerp en breek hy ook die eerste af (die tempel in Jerusalem met sy hele seremoniële sisteem van aanbidding)!

Dus, toe Jesus Christus gekruisig is, het die tempelgebou saam met sy hele seremoniële sisteem van aanbidding opgehou om enige betekenis te hê! Daarom het die voorhangsel van die tempel ook van bo tot onder geskeur toe Jesus aan die kruis gesterf het (Matteus 27:51). En daarom word na die opstanding van Jesus Christus verkondig dat die tempel geen enkel funksie meer het nie. “Die God, die allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie” (Handelinge 7:48-49; 17:24-25). In 70 n.C. het die kruisiging van Jesus Christus tot die vernietiging van Jerusalem saam met die tempel van Jerusalem gelei (Lukas 19:41-44). Vanaf die opstanding van Jesus Christus het gelowiges uit die Jode en uit die heidene direk toegang tot God die Vader deur Jesus Christus (Efesiërs 2:18; 3:12).³

- (3) Die opstanding van Jesus Christus beteken die vestiging van die Nuwe-Testamentiese Gemeente (Kerk).

Die getuïenisse teen Jesus Christus tydens Sy verhoor is uitgelê asof Hy die tempelgebou letterlik sou afbreek en ’n nuwe tempelgebou sou opbou. Hierdie getuïenisse was vals. Maar die woorde van Jesus beteken wel dat ’n “ander tempel wat nie deur mense gemaak is nie” (Markus 14:58) tot stand gekom het. Hierdie “ander tempel” verwys na die Gemeente (Kerk) wat bestaan uit mense as “lewende stene.” In die Nuwe Testament word duidelik geleer dat die Gemeente (Kerk) of die Liggaam van Christus bestaan uit gelowiges wat saam “die tempel van God” is (1 Korintiërs 3:16-17; 2 Korintiërs 6:16; 2 Tessalonisense 2:4; 1 Petrus 2:4-10)! De Gemeente (Kerk) of Nuwe-Testamentiese tempel

³ Daarom is die leerstelling van die bedelingeleer (Engels: dispensationalism) oor die sogenaamde “tempel van die groot verdrukking” en “die tempel van die duisendjarige vrederyk” ook heeltemal verkeerd.

is die woonplek van God deur die Heilige Gees (Efesiërs 2:21-22). En die lewende stene van hierdie Nuwe-Testamentiese tempel is die Christene uit elke volk in die wêreld (1 Petrus 2:9-10).

(4) Die Jode het hierdie illustrasie nie verstaan nie. Hulle het nie besef dat dit 'n verwysing na die dood en opstanding van Jesus Christus was nie.

Die Jode in Johannes 2 het alleen die letterlike tempel van dooie stene gesien, waarvoor veral Herodus 46 jaar nodig gehad het om dit te verfraai. As die Jode die Skrifte goed en met 'n gelowige hart gelees het, sou hulle kon geweet het dat die tempel van Jerusalem met sy inhoud en seremonies *alleen maar 'n illustrasie* (afbeelding, tipe, skaduwee)(Hebreërs 8:5) was wat bestem was om in iets anders vervul te word.

Die volgende Ou-Testamentiese gedeeltes toon duidelik aan dat die tempelgebou, die ark en die offerandes alleen maar *tydelik* was!

- 1 Konings 8:27 en 2 Kronieke 2:5-6 leer duidelik dat die Lewende God wat die heelal geskape het nie in tempels woon wat deur mensehande gemaak is nie. Daarom leer sowel Stefanus as Paulus, “God wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hy is die Here van die hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie” (Handelinge 7:48-49; 17:24-25).
- In Jeremia 3:16, profeteer Jeremia dat mense nie meer aan die ark sal dink nie en ook dat die ark nie meer gemaak sal word nie!
- Hebreërs 10:5-7 is 'n aanhaling van Psalm 40:7-9 vanuit die *Griekse* vertaling van die Ou Testament, wat sê: “Dit is nie diereoffers en graanoffers wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U My gegee het. Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie! Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. Hierdie Bybelgedeelte leer dat die dood van Jesus Christus alle Ou-Testamentiese offerandes vervul het.

Nie alleen die Jode nie, maar ook die dissipels van Jesus het nie verstaan dat “die tempel” waaroor Jesus in Johannes 2 gepraat het die tempel van sy liggaam was nie. Pas ná die opstanding op die derde dag na sy kruisiging het hulle die geestelike betekenis van sy woorde begryp!

3. Jesus Christus het uit die dood opgestaan om Christene 'n nuwe geheiligde lewe te gee.

Lees Romeine 6:1-7.

(1) Die derde gevolg van die opstanding van Christus is dat Jesus Christus aan Christene 'n nuwe en geheiligde lewe in hierdie tyd gee.

Deur geloof (vergelyk Romeine 5:1; Efesiërs 1:13) is gelowiges in Christus geestelik verenig met die dood en die opstanding van Jesus Christus. Hul eenheid met die opstanding van Jesus Christus in Romeine 6:1-7 verwys in die eerste plek na die opstandinglewe hier en nou op die aarde en eers in die tweede plek na die opstanding van die liggaam van gelowiges in die toekoms. Die argument in Romeine 6:5 is dat die geestelike eenheid met die dood en begraving van Jesus Christus nie geskei kan word van die geestelike eenheid met die opstanding van Jesus Christus nie! Die toekomstige tyd in die Grieks verwys nie na 'n toekomstige handeling nie, maar druk sekerheid uit! Dit is baie seker dat Christene geestelik verenig is met die dood en opstanding van Christus en dat dit enersyds uitloop op hul wettelike staat van geregtigheid (regspisio) en andersyds uitloop op hul morele staat van heiligheid. Hul wettelike staat van geregtigheid beteken dat Christene verlos is van die skuld en straf van die sonde. Hulle is vergewe, God het hulle regverdig verklaar en beskou hulle voortaan as 100% regverdig in sy oë! En hul morele staat van heiligheid beteken dat Christene verlos is van die mag van hul sondige natuur. Hulle is nie meer slawe van hul sondige natuur nie, maar in staat om in heiligmaking te groei en te lewe.

Die dood van Jesus Christus as 'n soenoffer vir die sondes is noodsaaklik vir die regverdiging van die gelowige. So is ook die opstanding van Jesus Christus in 'n verheerlikte liggaam noodsaaklik vir die heiliging van die gelowige en sal seker lei tot heiligmaking van die gelowige. Christene word baie seker steeds meer gelykvormig aan Christus in 'n heilig lewe hier en nou op die aarde. Die hele bespreking in Romeine 6 gaan oor die noodsaaklike verband tussen regverdiging en heiliging!

- Sonder regverdiging is heiliging onmoontlik
- en sonder heiliging is regverdiging onvolledig.

4. Jesus Christus is uit die dood opgestaan om die toekomstige opstanding van die liggaam te garandeer.

Lees Johannes 5:28-29; 1 Korintiërs 15:42-54; Filippense 3:20-21; 1 Tessaloniëse 4:14-16.

(1) Die vierde gevolg van die opstanding van Christus is dat Jesus Christus garandeer dat Hy by sy wederkoms die liggame van Christene uit die dood sal laat opstaan.

Die opstanding van Jesus Christus uit die dood is die waarborg (garansie) dat die liggaam van Christene ook sal opstaan uit die dood! By die wederkoms van Christus sal alle Christene wat gesterf het onmiddellik uit die dood opstaan en verenig word met hulle ewige menslike gees wat saam met Christus by sy wederkoms gekom het (1 Tessaloniëse 4:14; Kolossense 3:4). En alle Christene wat nog op aarde lewe by die wederkoms van Christus sal met gees (1 Johannes 3:1-3) en liggaam (Filippense 3:21) in 'n oogwink verander word (1 Korintiërs 15:51-52). Dus, alle

Christene sal verander (getransformeer) word tot 'n lewe van heerlike onsterflikheid van gees (siel) en liggaam in die ewigheid in die nuwe hemel op die nuwe aarde!

5	GEBED (8 minute) [REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	---

Bid saam as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring 'n beurt kry om kort (in één of twee sinne) te bid en te reageer op wat hy/sy in hierdie byeenkoms van God geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute) [OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. **Verkondig, onderrig of bestudeer die studie** oor "Paasfees" – die herdenking van die opstanding van Jesus Christus" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. **Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 1 Korintiërs 2 - 5. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid-metode en maak kort aantekeninge.
4. **Memoriserings.** Herhaal serie E: "Christelike karakter". (1) Gelykvormigheid aan Christus. 2 Korintiërs 3:18, (2) Reinheid: 1 Petrus 2:11, (3) Liefde: Markus 12:30-31, (4) Geloof: Romeine 4:20-21, (5) Nederigheid: Filippense 2:3-4. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (3) Johannes 1:19-51. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. **Hou jou aantekeninge op datum.** Sluit jou aantekeninge oor jou stiltetyd, memorisering en hierdie opdrag in.